Wat lê voor?

Tydens skooltyd gaan ons kyk na sekere bekende, maar ook onbekende, Bybelstories. Die skole sou amper begin het, maar al maak die skole eers oor twee weke oop, gaan ons solank begin met ons stories. Kwartaal 1 en 2 gaan ons kyk na sekere stories uit die Ou Testament. Kwartaal 3 en 4 gaan ons kyk na stories uit die Nuwe Testament.

Die Bybelstories waarna ons hierdie kwartaal gaan kyk is die volgende:



1. God maak die wêreld (Gen 1 en 2)
2. Die groot fout (Gen 3)
3. Noag doen wat God sê (Gen 6-9)
4. Die hoë toring (Gen 11)
5. Abraham vertrou op God (Gen 12-17)
6. Wag vir 'n baba (Gen 18 en 21)
7. 'n Vrou vir Isak (Gen 24)
8. Jakob jok (Gen 27)
9. Jakob se droom (Gen 28)

Jy kan voor die tyd die stories gaan lees sodat jy weet waaroor ons daardie Sondag gaan leer. By elke aktiwiteit gaan 'n inkleurprentjie wees wat jy kan inkleur, of jy kan die aktiwiteit doen. Daar gaan ook idees wees vir oulike kunsaktiwiteite wat jy kan doen wat pas by die Bybelstorie.

Sien jy uit dat die skool weer gaan begin?

In watter graad is jy hierdie jaar?

Waaroor is jy die meeste opgewonde?

Waarvoor sien jy nie so baie uit nie?